BYLAE

BYLAAG A
OOREENKOMS TUSSEN NAVORSER EN BEHEERLIGGAAM

BYLAAG B

OOREENKOMS TUSSEN NAVORSER EN OUERS

BYLAAG C
GEVOELSGESIGGIES

BYLAAG D

VERHAAL VAN DIE VLIEGTUIG WAT NEERGESTORT HET

Niemand op Aarde leef meer nie, behalwe 10 mense in ‘n vallende vliegtuig. Daar is net 5 valskerms. Wie moet dit kry om seker te maak dat die mens voortbestaan?

WIE? KEUSE?	GESLAG?	OUDERDOM?
Dokter	Man	60 jaar
Ongekwalifiseerde swanger vrou	Vrou	28 jaar
Predikant	Man	42 jaar
Wetenskaplike	Vrou	31 jaar
Loodgieter	Man	51 jaar
Ingenieur	Man	30 jaar
Sielkunde student	Man	21 jaar
Skoolkind	Vrou	15 jaar
Model	Vrou	25 jaar
Entrepeneur	Vrou	45 jaar

BYLAAG E
VERSKILLE SOOS AANGEDUI DEUR SEUNS

BYLAAG F
VERSKILLE SOOS AANGEDUI DEUR MEISIES

BYLAAG G
CONRAD SE STORIE

Conrad en sy sussie, Sarah, se ouers is geskei en hul bly by hul ma. Elke tweede naweek gaan kuier hulle by hul pa. Een oggend skakel Conrad sy pa voor skool. "Pa, ek kan nie die naweek na jou toe kom nie. Al my maats gaan hierdie naweek fliek. Kan ek die die volgende naweek kom?" "Ek is jammer, Seun, ouma het 'n braai vir die familie gereël vir Saterdagmiddag en sy wil graag hê dat jy daar moet wees veral omdat sy jou nie met jou verjaarsdag gesien het nie. Sy het al klaar die koek gebak."

Conrad is baie kwaad. Hy hou baie meer daarvan om saam met sy maats te gaan fliek as om te braai saam met die familie – al het sy ouma haar lekker sjokolade koek gebak. "Asseblief, Pa! Hulle sal nie eers agterkom dat ek nie daar is nie."

"Nee, Conrad, jy kom en dis klaar. Ek moet gaan. Ek is laat vir werk." Sy pa sit die foon neer. Conrad gooi die foon terug op die mikkie.

"Haai, wat doen jy?" skree sy ma. Conrad draai om en hardloop by die agterdeur uit. Sy voet haak vas aan die houtraam en hy skop die glaspaneel uit. Gebreekte glas lê gestrooi op die sement. Sy ma kom aangehardloop toe sy die geraas hoor. "Kyk nou net wat het jy gedoen. Jy gaan nog eendag in groot moeiliheid beland met jou humeur. Jy sal met jou sakgeld vir 'n nuwe ruit betaal. Tel die glasstukke op. Jy is nes jou pa.'"

Conrad haat dit wanneer sy ma goed oor sy pa sê en hy voel baie sleg wanneer sy praat oor sy humeur. Dit voel soos 'n slegte deel van hom. Maar hy bly stil en tel die glasstukke op. Dit kook binne in hom en sy borskas voel of dit enige oomblik wil bars. Hy gooi sy tas oor sy skouer en begin skool toe te stap.

Hy kook nog steeds van woede wanneer hy met gebalde vuiste by 'n groep jonger kinders op die sypaadjie verbydruk. Hy het nie bedoel om klein Johan om te stamp nie. Hy hou van Johan. Johan woon langsaan en Conrad is sy groot held. Johan het so pas met skool begin en lê nou op sy rug in die grond en huil omdat sy nuwe skooltas vol modder is. Conrad tel hom hardhandig op en stap verder skool toe.

Teen die tyd dat hul wiskunde het, het hy afgekoel. Sy kop maal egter oor-en-oor van dit wat hy vir sy ma en pa wil sê. Soveel so dat hy nie kan konsentreer op sy werk nie. "Conrad, jy het al jou antwoorde verkeerd. Wat is fout?" vra die onderwyseres. Conrad voel hoe dit weer begin kook hier binne. Hy vat sy pen en begin krap oor sy boek. Die onderwyseres is nou ook kwaad. "Jy sal pouse jou wiskunde in die hoof se kantoor sit en doen" sê sy. Die gepraat in sy kop is nou ook met sy Juffrou.

Aan die einde van die skooldag is Conrad nors en honger. Toe hy vanoggend so vinnig by die huis uitgestorm het, het hy sy kosblik vergeet. Hy klim tot heelbo op die "Jungle Gym". Hy wil heel bo kom en in beheer wees, op 'n plek waar niemand hom kan hiet en gebied nie. Maar Hennie was reeds op die boonste deel van die raam. "Dit is nou my beurt om hier bo te sit," sê Conrad. "Ek was eerste hier," sê

Hennie. “Klim af,” sê Conrad. “Jy kan my nie maak afklim nie.” sê Hennie. Conrad stamp aan hom, maar Hennie is sterker as hy.

Die kinders maak hulle oë toe terwyl die verbeeldingsoefening gelees word. Hulle moet hul verbeel dat hulle Conrad is en moet deur hul gesigsuitdrukkings probeer voorstel hoe hulle dink sy gesig gelyk het aan die einde van die dag. Hulle moet na mekaar se uitdrukkings kyk en dit probeer identifiseer en beskryf. Speel musiek en laat hulle teken hoe hulle voel.

Op ‘n werkvel waarop Conrad geteken is, moet hulle aandui waar in sy liggaam het die woede gesit. Hulle kan ook prentjies teken om Conrad te help om sy gevoelens beter te verstaan.

Die verbeeldingsoefening vervolg.

Conrad verloor sy balans. Hy gryp wild na iets om aan vas te hou, maar daar is niks nie. Die volgende oomblik val hy op die grond. Hy voel hoe sy kop en skouer brand van die pyn. Al die kinders drom om hom saam, maar hul stemme klink ver. Hy hoor hoe sy onderwyseres sê: “Ek het probeer om sy ma in die hande te kry, maar sy is nie op die oomblik beskikbaar nie. Sy pa sal ons by die hospitaal kry. Die ambulans sal nou hier wees.” Hy maak sy oë toe.

Later die middag lê Conrad op die bank met sy arm in gips en sy kop wat seer is. Sy pa sit aan die oorkant. Sy ma het nou net van die werk af gekom. “Wat het gebeur?” vra sy ma. Conrad verduidelik van die val. “Jy was baie kwaad toe jy vanoggend skool toe is.” Sê sy ma. “Het jy jou pa vertel van die gat by die agterdeur?”

Conrad draai sy kop weg. Sy pa lyk omgekrap. Hy staan op en kyk by die venster uit. “Weet jy, ek het dieselfde dinge gedoen wanneer ek kwaad geword het. Ek het soms geskree, baklei, met niemand gepraat nie, my eenkant gehou.” Sê hy. “Jou ma kan jou daarvan vertel. Sy het later moeg geword om met my mooi te praat en vir my ook geskree en later besluit om my te los. Ons sou vandag nog bymekaar gewees het as ek net geleer het om my woede beter te hanteer.”

“Dit is waar,” sê sy ma. Sy pa vertel verder. “En jy sou nie hierdie verkeerde maniere aangeleer het nie. So, ek dink dat dit seker my werk is om vir jou beter gewoontes te leer. Ek het die afgelope paar maande ‘n kursus bygewoon waar ek beter planne geleer het om my woede te beheer. Ek wil graag vir jou daarvan vertel.” Conrad se pa vertel vir hom van drie maniere waarop ‘n mens jou woede beter kan hanteer.

a) Leer om te se “ek is kwaad” nie “jy maak my kwaad nie”.
b) Doen iets om die kwaad te laat uit kom soos om ‘n bal hard te gaan skop, hard in ‘n kussing te skree, na musiek te gaan luister, klei hard teen die grond te gooi of ‘n ballon met ‘n boontjiesak te probeer stukkend gooi.
c) Die beste plan nog is om met iemand, ‘n grootmens wat jy vertrou, te PRAAT oor jou kwaad.

Daar is drie reëls vir kwaad word: Dit is OK om kwaad te word MAAR

- Moenie iemand seermaak nie
- Moenie jouself seermaak nie
- Moenie goed breek of beskadig nie.

'n Vasvra tussen seuns en meisies om hul geheue te toets.

1. Waar in sy liggaam het Conrad die kwaad gevoel?

2. Op watter punt kon Conrad gekeer het dat die kwaad al hoe erger word?

3. Wat kon hy gedoen het toe hy die eerste keer kwaad geword het?

4. Conrad het in sy gedagtes met sy ma, pa en onderwyseres gepraat. Wat kon hy hardop gesê het in plaas van om dit hier binne-in hom te hou?

5. Hoe het Conrad die drie reëls vir kwaad verbreek?

6. Conrad se ma het gesê: "Jy is nes jou pa". Was dit reg van haar om dit te sê? Hoekom het sy dit gesê? Hoe het sy gevoel terwyl sy dit gesê het?

7. Wat het jy geleer uit die storie?

BYLAAG H
MENS-TEKENING